JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL
NUUSBRIEF: 4 4 - 11 Febr 2022

OUERS:

WINTERSKLEREBESTELLING:

Daar word **slegs een bestelling** vir 2022 se wintersklere geplaas en ouers het tot **Vrydag, 18 Februarie 2022** kans om windjakkers (warm baadjies) en sweetpakke vir hulle kinders te bestel. Hou in gedagte dat die korrekte wintersdrag **verpligtend** is vir al ons leerders.
Volledige inligting, asook die bestelvorm is op **nuusbrief 2** beskikbaar.

LEERDERKONFRONTASIE:

Geen ouer mag binne of buite die skool enige ander leerder direk konfronteer oor enige skoolaangeleentheid nie.
Indien u ‘n probleem met ‘n kind het, moet u **sy/haar ouer** skakel en dit met hulle uitsorteer.
Skoolaangeleenthede moet **eers by klasonderwysers** en **dan na die Skoolhoof** verwys word. Indien die saak verdere optrede regverdig, word dit na die Beheerliggaam verwys.
NB! Volg asseblief die korrekte kanale en vind eers uit wat die korrekte feite rondom die insident is.

KOSHUIS:

Ouers en leerders moet hulle solank gereed kry vir hierdie jaar se **DONKEY DERBY** wat op 3 Maart 2022 plaasvind. **Dit gaan groot pret wees!**

PERSONEELOPLEIDING:

Daar sal op Donderdag 10 Februarie geen skool wees a.g.v Departementele kursusse wat al die onderwysers moet bywoon. Onderrig gaan Vrydag normaal voort.

LEERDERDEELNAME:

GRAAD 7 LEERDERS – UITSTAPPIE

Brief is aan elke leerder oorhandig wat nuwe reëlings aandui vir die 9de en 10de Februarie. Dit sal ook op die Gr7 Whatsapp groep geplaas word. Ouers moet asseblief hulle vra vir die brief en dit deurlees.

NAUTILUS:

Nautilus is ‘n Wiskunde Kompetisie vir gr 4 – 7 leerders wat elke kwartaal plaasvind op ‘n Saterdag in Bloemfontein. Dit is vrywillig en ouers moet leerders self vervoer. Die koste daaraan verbonde is R200 wat verversings en ‘n ligte middagete insluit.
Kwartaal 1 se kompetiesie vind plaas op Saterdag, 19 Februarie. Leerders wat wil deelneem kan R200 by juffrou Elza inbetaal nie later as Maandag 14 Februarie nie.

ATLETIEK:

Baie sterkte aan die atlete wat Dinsdag, 8 Februarie aan die Sone byeenkoms in Bloemfontein gaan deelneem.
Die reëlings is as volg:

- Atlete wat met eie vervoer gaan, **moet asseblief ‘n uur voor hul item by die span aanmeld** waar hulle dan uitgestuur sal word na hul onderskeie items.
- Onthou asseblief dat die leerders die korrekte sportdrag moet aanhê, asook tekkies en die korrekte kouse.
- Die bus sal 05:00 vanaf die skool vertrek en ons behoort om en by 18:00 terug te wees by die skool.
- Pak asseblief vir die leerders genoeg kos en water in.
- Slegs koshuisleerders sal ‘n kospakkie ontvang vir die dag, die res van die leerders moet vir hul eie etes sorg. Daar is wel ‘n snoepie by die baan.

ATLETE NEEM IN DIE VOLGENDE ATLETIEKDRAG DEEL:

Atletiekfrokkie of Woensdag hempie
Groen atletiekbroekie of die Woensdag groen broekie **[Geen ander klere sal toegelaat word nie]**

BUITEMUURS:

Ouers moet asseblief seker maak dat hulle die buitemuurse rooster op die voring nuusbrief gesien het. Maak seker van die tye en stuur/bring u kind op die regte tyd vir die regte sport. Slegs die atlete wat by Sone kwalifiseer gaan deur na die Motheo/Xhariep byeenkoms en slegs hulle sal vanaf Donderdag, 10 Februarie atletiek oefen. **[Soos op Buitemuurse rooster**]

JEUGSKOU:

21 - 25 February

Die volgende afdelings word aangebied:

- Teken: Maandag 21/02
- Blomme rangskikking of bou iets uit afvalmateriaal: Dinsdag 22/02/02(Bring eie plantmateriaal/afvalmateriaal)
- Bak en brou : Woensdag 23/02
- Do. 24/02 Alle swemmers wat nie kon deelneem nie.
- Vry. 25/02 Uitstalling, besigtiging en Prysuitdeling

Tyd: Gr. R tot 3 : Half 2 tot Half 3

Gr. 4 tot 7 : Half 3 tot Half 5

Inskrywingsgeld beloop R30 per kind (Kan dan aan 1 of al die afdelings deelneem)
Gelde moet by die klasonderwysers inbetaal word.
Kinders moet dan ook asseblief net sê waaraan hulle wil deelneem.
Meer inligting sal nader aan die tyd deurgegee word.

ALGEMEEN:

Sekretaresse
Na 22 jaar by die skool is ons jammer om ons geliefde sekretaresse te groet, Mev Rehetta Schoeman. Sy het diep spore in ons almal se lewens getrap. Ons gaan jou baie mis!
Danielle Cawood sal tydelik in haar plek waarneem totdat die Departement van Onderwys ‘n aanstelling gemaak het.

TWO’S DAY:
Op Donderdag 22.2.2022 vier die skool TWO’S DAY
Tydens Wiskunde periodes word die klem geplaas op bewerkings met 2.
Leerders word uitgedaag om kreatief te wees en 2 deur hulle kleredrag uit te beeld bv. x2 boksterte
Bring 2 x R2 om deel te wees van die eenkeer in ‘n leeftyd “Two cool for school Twosday”



…….
PW Tait
SKOOLHOOF

GEBEDSLYS

Dankie vir die reën

Jakkies Opwaarts Sentrum hou op Maandag **14 Februarie** 2022 'n **Valentynsdag** verkoping tydens **1ste pouse** op die stoep voor die Saal.

Kom ondersteun ons asseblief en kom koop ietsie vir die **Liefde** in jou lewe, spesiale **Vriend**, **Pappa** of **Mamma** en selfs ietsie vir jou **Juffrou**.

Ons het oulike **sakpas** geskenkies, lekkernye, koffiebekers en nog vele meer…